Skoollied

WOORDE:

-GERHARD BEUKES-

MUSIEK:

-DIRKIE DE VILLIERS-

Hier op die Voorpos sterk soos ons Vaders,
Gryp ons met ywer die ploeg wat hier staan -
Vooruit en diepsteek! Vasvat en volhou!
Trots blink ons oog oor werk goed gedaan.

KOOR

Wakker die ploeg en warm die dorsvloer!
Ons is die jeug wat die Voorpos help bou!
Dieper die ploegskaar, reguit die vore -
Voller die Hand wat Sy seën nooit weerhou!

Hier het ons Vaders gebid en gearbei,
Hier 'n woestyn soos 'n tuinland laat blom -
Saad in die hand en geloof in die oë,
So saai ook ons vir die jare wat kom.

Eendag, o Heer, deur U guns en genade,
Bring ons die oes van die jare byeen -
U het geseën ons ywer en arbeid,
Skenk ons ook, Heer, vir die toekoms die seën.